basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 10

## EKONOMIE V1

## MODEL 2012

**PUNTE: 150**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord VIER vrae soos volg in die ANTWOORDEBOEK:

   - AFDELING A: VERPLIGTEND.
   - AFDELING B: Beantwoord TWEE van die drie vrae.
   - AFDELING C: Beantwoord EEN van die twee vrae.

2. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

3. Skryf die vraagnommer boaan elke antwoord neer.

4. Lees die vrae aandagtig deur.

5. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.

6. Laat 2–3 reëls tussen onderafdelings van vrae oop.

7. Beantwoord die vrae in volsinne en maak seker dat die formaat, inhoud en konteks van jou antwoorde ooreenstem met die kognitiewe vereistes van die vrae.

8. Beantwoord slegs die vereiste getal vrae. Oortollige antwoorde sal NIE nagesien word NIE.

9. Gebruik slegs swart of blou ink.

10. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.

11. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

**VRAAG 1** **30 PUNTE – 15 MINUTE**

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–C) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.9 C.

1.1.1 Die vertakking van ekonomie wat op die gedrag van die ekonomie in sy geheel fokus, staan as … ekonomie bekend.

A mikro-
B ontwikkelings-
C makro-

1.1.2 Wanneer ons onvoldoende hulpbronne het om in ons behoeftes en begeertes te voorsien, bestaan …

A arbeid.
B skaarsheid.
C kapitaal.

1.1.3 Die totale waarde van alle finale goedere en dienste wat binne die grense van 'n land vir 'n sekere tydperk geproduseer word, staan as die … bekend.

A Bruto Binnelandse Produk
B Bruto Binnelandse Besteding
C Bruto Nasionale Inkome

1.1.4 Die aankoop van 'n skooltas eerder as 'n fliekkaartjie dui op die ekonomiese beginsel van …

A ruil.
B geleentheidskoste.
C besparing.

1.1.5 Die eerste inheemse mense in Suid-Afrika was die …

A Xhosas.
B Zoeloes.
C San.

1.1.6 Suid-Afrika was 'n … van Engeland vir omtrent 150 jaar.

A provinsie
B kolonie
C dorpie

1.1.7 'n Transaksie wat nie by 'n kitsbank gedoen kan word nie, is …

A muntdeposito's.
B onttrekkings.
C die betaling van rekeninge.

1.1.8 Suid-Afrika se ekonomiese ontwikkeling het begin by …

A mynbou.
B visserye.
C kommersiële landbou. (8 x 2) (16)

1.2 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B om by 'n item in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–I) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.8) in die ANTWOORDEBOEK neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.2.1 Investering | A word gewoonlik deur die verbruikers van hierdie goedere en dienste betaal |
| 1.2.2 Publieke goedere | B beskerm die belange van werkers |
| 1.2.3 LBS | C die ekonomiese term vir besteding op kapitaalgoedere |
| 1.2.4 Onderwys | D die grootste bestedingsitem in die begroting van Suid-Afrika |
| 1.2.5 Verstedeliking | E direkte belasting |
| 1.2.6 Spesialisasie | F geld wat mense deur die wet verplig word om te aanvaar |
| 1.2.7 Vakbonde | G 'n groeiende aantal mense trek na stede en dorpe toe |
| 1.2.8 Wettige betaalmiddel | H in die produksie van goedere, herhaal elke werker slegs een handeling |
| | I kollektiewe verbruik en besit deur gemeenskappe |

(8 x 1) (8)

1.3 Kies die korrekte woord uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.6) in die ANTWOORDEBOEK neer.

1.3.1 Ekonomies kwesbare mense word altyd bevoordeel gedurende die (uitbreidings-/inkrimpings-) fase van die sakesiklus.

1.3.2 Meel wat in die produksie van brood gebruik word, is (finale/ intermediêre) goedere.

1.3.3 Algemene prysstygings staan bekend as (inflasie/deflasie).

1.3.4 'n Ander term vir 'n werksmag is (arbeidsmag/ondernemers).

1.3.5 Die (Franse/Industriële) Rewolusie het in Engeland begin.

1.3.6 Die sentrale bank in Suid-Afrika word die (Federale/Reserwe-) Bank genoem. (6 x 1) (6)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B

Beantwoord enige TWEE van die drie vrae uit hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

**VRAAG 2: MAKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 25 MINUTE**

2.1 Identifiseer die VIER produksiefaktore. (4 x 1) (4)

2.2 Bestudeer die illustrasie hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



2.2.1 Dui die illustrasie hierbo op die proses van verbruik of produksie? (2)

2.2.2 Gee 'n voorbeeld van duursame goedere in die illustrasie hierbo. (1)

2.2.3 Sou die besteding op duursame goedere hierbo geklassifiseer word as owerheidsbesteding of huishoudelike verbruiksbesteding? (1)

2.2.4 Onderskei tussen *onmiddellike (direkte) verbruik* en *uitgestelde (indirekte) verbruik* en gee 'n voorbeeld van elk. (2 x 3) (6)

2.3 Bestudeer die gevallestudie hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**MR PRICE SE PRESTASIE**

Kaapstad: In 2011 het Mr Price vir die eerste keer in vyf jaar 'n laer rekenkundige wins aangekondig. Groei in verkope het met 15% gestyg tot R2,6 biljoen vir die jaar geëindig 31 Maart 2011.

'Dis maklik om die blaam op kleiner verbruiksbesteding te plaas. Ons voorrade van sekere luukse items vir Mr Price se Naweekverkope was eenvoudig te hoog en ons moes ons pryse en winsgrense sny.'

Moeilike handelsomstandighede het ook 'n uitwerking op die besigheid se resultate gehad, net soos hierdie toestande ander kleinhandelaars se sake beïnvloed het.

Die afdeling wat die meeste geraak is deur moeilike handelsomstandighede, was die groep se juwelierswarereeks, en die groep beplan nie om hierdie afdeling verder uit te brei nie.

[Aangepas uit: *Sakeburger*, 5 Julie 2010]

2.3.1 Waarna verwys *rekeningkundige wins*? (2)

2.3.2 Hoekom het Mr Price lae winste ondervind? (2 x 2) (4)

2.3.3 Hoekom, dink jy, was die verkope van juweliersware by Mr Price die meeste beïnvloed deur moeilike handelsomstandighede? (2 x 2) (4)

2.4 Verduidelik die kenmerke waarvolgens markte geklassifiseer kan word. (2 x 4) (8)

2.5 Tabuleer die verskille tussen *vrye goedere* en *ekonomiese goedere*. (4 x 2) (8)
**[40]**

**VRAAG 3: EKONOMIESE KWESSIES** **40 PUNTE – 25 MINUTE**

3.1 Gee VIER voorbeelde van kommoditeitsgeld. (4 x 1) (4)

3.2 Bestudeer die tabel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**SAMESTELLING VAN DIE SUID-AFRIKAANSE BBP 1912–2011**
**[% van BBP]**

| SEKTOR | 1912 | 1940 | 1981 | 1994 | 2003 | 2005 | 2011 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Primêr** | 48,8 | 32,7 | **A** | 11,8 | 10,8 | 10,2 | 11,8 |
| Landbou, bosbou en visserye | 21,3 | 12,1 | 7,1 | 4,6 | 3,4 | 2,8 | 2,4 |
| Mynbou | 27,5 | 20,6 | 16,0 | 7,2 | 7,4 | 7,4 | 9,4 |
| **Sekondêr** | 5,8 | 11,6 | 31,1 | 27,7 | 24,3 | 23,4 | 21,0 |
| **Tersiêr** | 45,4 | 55,7 | 45,8 | 60,5 | 64,9 | 66,4 | 67,2 |

[Bron: *SARB Kwartaalblad*, September 2012]


3.2.1 Definieer die *sekondêre sektor*. (2)

3.2.2 Bereken die waarde van die primêre sektor se bydrae (**A**) in 1981. (2)

3.2.3 Beskryf kortliks die neiging met betrekking tot die bydrae van die verskillende sektore tot die BBP van 1912 tot 2011. (6)

3.3 Bestudeer die grafiek hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BEVOLKINGSYFERS VAN SUID-AFRIKA**




[Bron: *Geniet Ekonomie*, 2011]

3.3.1 Wat is die hoofmetode wat gebruik word om 'n bevolking te tel? (2)

3.3.2 Noem 'n faktor wat die bevolkingsgroeikoers van 'n land beïnvloed. (1)

3.3.3 Beskryf die neiging wat deur die grafiek geïllustreer word. (3)

3.3.4 In watter jaar sal die Suid-Afrikaanse bevolking 'n hoogtepunt bereik? (2)

3.3.5 Wat is die verwagte bevolkingsyfer van Suid-Afrika vir die jaar 2040? (2)

3.4 Verduidelik die begrip *globalisering*. (4 x 2) (8)


3.5 Bespreek kortliks die impak van kolonialisme op die ekonomiese ontwikkeling van Suid-Afrika. (4 x 2) (8)

**[40]**

**VRAAG 4: MAKROEKONOMIE EN EKONOMIESE KWESSIES**
**40 PUNTE – 25 MINUTE**

4.1 Noem VIER ekonomiese gevolge van die mynbou- en nywerheidstadium. (4 x 1) (4)

4.2 Bestudeer die diagram hieronder en beantwoord die vrae wat volg.





4.2.1 Benoem **A**, **B** en **C**. (3)

4.2.2 Noem EEN lekkasie wat die geldvloei in hierdie model kan beïnvloed. (1)

4.2.3 Hoe sal die insluiting van die buitelandse sektor die vloei van goedere en dienste in die kringloop beïnvloed? (2)

4.2.4 Beskryf die reële vloei en geldvloei wat tussen huishoudings en die owerheid bestaan, indien die owerheid in die kringloopmodel ingesluit sou word. (4)

4.3 Bestudeer die spotprent hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




[Bron: *Geniet Ekonomie, 2011*]

4.3.1 Definieer die term *mark*. (2)

4.3.2 Watter tipe handel word in die spotprent geïllustreer? (2)

4.3.3 Verduidelik die probleme wat sou bestaan, indien ons gemeenskap geen geld as ruilmiddel gehad het nie. (3 x 2) (6)

4.4 Bespreek kortliks die impak van MIV/Vigs op die Suid-Afrikaanse arbeidsmag. (4 x 2) (8)

4.5 Onderskei tussen *absolute skaarsheid* en *relatiewe skaarsheid*. (8)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**

**AFDELING C**

Beantwoord enige EEN van die twee vrae uit hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

Jou antwoord sal soos volg geassesseer word:

| STRUKTUUR VAN DIE OPSTEL | PUNTETOEKENNING |
|---|---|
| **Inleiding** | Maks. 3 |
| **Inhoud**:<br>• Hoofdeel: Bespreek/Onderskei/Verduidelik/Analiseer/ Evalueer/Assesseer<br>• Addisionele deel: Gebruik/Trek/Teken 'n grafiek/ diagram …/Lei af …/Verduidelik kortliks/Brei uit op …/ Jou eie opinie | <br>Maks. 24<br><br>Maks. 6 |
| **Slot** | Maks. 2 |
| Interpretasie/Rubriek | Maks. 5 |
| **TOTAAL** | **40** |

**VRAAG 5: MAKROEKONOMIE** **40 PUNTE – 25 MINUTE**

Bespreek die fases en redes van sakesiklusse.

Teken 'n volledig benoemde, tipiese sakesiklus om jou bespreking te ondersteun. **[40]**

**VRAAG 6: EKONOMIESE KWESSIES** **40 PUNTE – 25 MINUTE**

Bespreek die geskiedenis van bankwese in Suid-Afrika deur vroeë ontwikkeling, privaat banke en imperiale banke te beklemtoon.

Verduidelik ook hoe tegnologie die tradisionele aktiwiteite van kommersiële banke verminder het. **[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou